# MPUMALANGA S.A. BOERPERD KLUB – JAARVERSLAG 2016/7

Hiermee doen ons graag verslag oor wat gedurende die jaar plaasgevind het.
Klubvergadering is gehou op 3 November 2016 op die plaas van Jannie Jacobsz. Die volgende bestuur is by die geleentheid verkies:

Bestuur: Voorsitter - M. Louwrens
Visie-Voorsitter - D. de Wet
Sekretaresse - N. Scholtz
Tesourie - M Jacobsz
Addisionele lede: Mnr. N. Buckle
Mnr. A. Pretorius
Mnr. G. Minnaar

Lede wat die klub op SA Boerperd Raad verteenwoordig: Mnr. F. Combrink
Mnr. J. Jacobsz

Op die vergadering is besluit om die jaarlikse plesierrit te Badplaas 'n tweejaarlikse instelling te maak a.g.v. kostes en bywoning.

**STREEKSKAMPIOENSKAPPE 2017**

Na baie gerugte wat die rondte doen dat Ermelo Skougronde verkoop gaan word, was ons darem nog gelukkig om 10-13 April 2017 weer saam te kamp en te skou op Ermelo se skougronde.

Altesaam 89 perde het ingeskryf vir die skou.
Aan Tradisionele kant is die beoordeling behartig deur Mnr. Johannes Langenhoven en Mnr. A.J. Burger. Hul het al die pad van die Kaap gekom en ons waardeer it baie. Hul het hulle goed van hul taak gekwyt.
Aan Universele kant het Me. Riana Pretorius diens gedoen en baie harte gesteel met die manier waarop sy dit hanteer het.
Die skou was 'n groot sukses en soos altyd baie gesellig.

---

**HINGSKEURINGS**

Ons provinsiale hingskeurings het voor die aanvang van die skou plaasgevind op 10 April. Ons was regtig baie verras met die kwaliteit van die hingste wat voorgebring is.
17 Hingste is voorgebring vir keuring en 15 is goedgekeur.

**VOLGENDE KLUBVERGADERING**

Ons volgende Klubvergadering sal gehou word op 14 Oktober aan huis van Mnr. Jannie Jacobsz waartydens ons die reëlings vir die 2017 plesierrit sal bespreek.
Ons bedank almal wat deel was van 'n suksesvolle jaar en nooi klublede uit wat onbetrokke is om deel te word van ons vriendekring.

Mpumalanga Groete
Manie Louwrens